CACHET
APTEEK
Groot genoeg om u te bedien.
Klein genoeg om u te ken.
★
DIE
STUDENTE-APTEEK

die WAPAD
Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. In U lig sien ons die lig.
JAARGANG XXX VRYDAG, 25 APRIL 1975 Nr. 6

PUKKE!
vir al u kleurbaadjies
Johan Claassen
Broers
(Edms.) Bpk.
Tel. 3612,
POTCHEFSTROOM.
Kerkstraat 92.
Tak: Tomstraat 100.

# Lag en die wêreld lag saam met jou

Marius Schalekamp

**KARNAVAL is daar vir almal om te geniet en daaraan deel te neem. Jy kan in jou eie hoekie gaan sit en filosofie lees maar 'n grap deel jy met iemand anders.**

Deel u vreugde en oorspronklikheid dus met alle Pukke. Karnaval word nie gehou deur die karnavalkomitee nie, maar deur julle, Pukke.

Gee jul ondersteuning aan hierdie mense wat so hard werk om karnaval vlot te laat verloop.

Die woord karnaval beteken: gesamentlike feestelikheid of uitgelate pret, voeg hierby studentehumor en jy het 'n onoortreflike kombinasie. Terloops, dit is sy sin vir humor wat 'n student in staat stel om die ligte kant van dinge te sien wat geen ligte kant het nie (akademie).

Graag doen ek 'n beroep op u om op 'n verantwoordelike wyse onverantwoordelik te wees. 'n Gesonde gees heers op ons kampus reeds van oriëntering af — laat ons karnaval betree met dieselfde gees — die Pukgees.

Hou die twee pole van karnaval vas, naamlik, studentepret en geldinsameling vir liefdadigheid. Laat ons met hierdie doel die publiek van Potchefstroom en omliggende dorpe stormloop.

Oorspronklike humor moet die spil wees waar om hierdie twee pole draai, maar onthou:

„Lag en die wêreld lag saam met jou behalwe as jy vir jou eie grappe lag."

Geniet die karnaval, dit is julle s'n.

FERDINAND POSTMA BIBLIOTEEK

# Karnaval: doen alles

**MET 'n al groter wordende kampus en al groter akademiese druk, word dit bykans onmoontlik om enige studentelewe te geniet soos dit aan ons in boeke voorgestel is. Daarom word KARNAVAL 'n steeds belangriker geleentheid in ons studentelewe — een van die min tye waar ons as studente net kan leef en geniet. KARNAVAL 75 is hier en ons vra julle om julle absoluut te vergryp aan al die mooi dinge wat KARNAVAL meebring: humor, entoesiasme, vreugde, vrolikheid en oorspronklikheid. Laat ons soos PUKKE feeste hou soos net PUKKE kan fees hou. Kom ons maak hierdie KARNAVAL groter en anders as enige KARNAVAL wat nog ooit gehou is — slurp hom op, vergeet uself, u sorge en u inhibisies. Maak of u mal is en doen alles!**

**Johan Pretorius, karnavalvoorsitter.**




Reg vir die komende Karnaval met nuwe karnavalhempies en al. Op die foto verskyn in gewone volgorde: Mariaan van der Walt, Willie Visser, Judy Venter en Jurjen Suurd. Die Karnaval word op Donderdagaand 1 Mei amptelik deur Madelein van Biljon, bekende radiopersoonlikheid geopen. (Foto: Attie Gerber).

# GAAN MAAR MAL PUKKE

**MET vanjaar se karnaval sal daar net mal gegaan word. Ons gaan nie meer die akademie begrawe nie — ons gaan dit heeltemal veras.**

So het dit uit die kele van die meeste Pukke geklink wat die Wapad in 'n kampusondersoek oor die komende karnaval geraadpleeg het.

**DIE GEES**

Mens kan die karnavalgees duidelik op die kampus voel — en die klasse is ook stadig besig om leeg te loop.

Uit betroubare bronne word verneem dat die tradisionele massas aanstons sal begin.

Baie Pukke staan nog skepties teenoor die gesamentlike vlotbouery op die kampus. Die algemene karnavalgeesdrif behoort hierdie aksie ook 'n reusesukses te maak.

**Karnaval begin eers amptelik op Vrydag 2 Mei, maar die aanloop begin al Maandag 28 April. Op 28 April word 'n skynhof in die Aardkundebousaal gehou. Dieselfde aand word Studentevaria vanuit die Totiussaal uitgesaai.**

Op Woensdag 30 April word 'n orkes- en talentkompetisie in die Totiussaal gehou. Blykbaar het niemand nog vir diè kompetisies ingeskryf nie.

**MADELEIN**

Madelein van Biljon, bekende radiopersoonlikheid, open die karnaval op Donderdag 1 Mei om 18h00. Onmiddellik hierna word die akademie tereggestel.

● Op bladsy sewe verskyn die volledige program.

# Lewende fakkel op Bib.

Johann van Zyl

**VANJAAR se karnaval gaan ongetwyfeld meer as een hoogtepunt oplewer, maar 'n lewensgevaarlike duikpoging vanaf die biblioteekgebou se dak, beloof om vir gróót spanning te sorg.**

Alfonso Clemente, vir sy optrede bekend as die „Lewende Fakkel", gaan ongetwyfeld sorg dat daar volgende Vrydagoggend 'n aansienlike skare op die Puk-kampus saamdrom.

KLEIN BAD

Hy sal ongeveer nege-uur op die biblioteekgebou se dak verskyn. Nadat hy sy tradisionele buiginkie gemaak het, sal hy sy mantel afskud, homself aan die brand steek en dan in 'n ongelooflike klein swembadjie duik.

BESERING

Clemente is 'n Italianer wat tans in die arenaprogram van die Randse Skou optree. Hy het onlangs eers heeltemal van 'n besering herstel wat hy meer as 'n jaar gelede in een van sy gewaagde duikpogings opgedoen het.

Hy het hom egter geensins daardeur van stryk laat bring nie, maar ongeveer twee maande gelede opnuut met sy vertonings begin.

GAS

Buiten sy optrede by die Randse Skou, is Potchefstroom die enigste ander plek in Suid-Afrika waar hy sal optree. Hy sal eers die Saterdag van die vlotoptog weer terugvertrek Italië toe en sal die res van Vrydag 'n gas op die Puk-kampus wees.

K
WAPAD
R
N
A
V
A
L

# KOM HAAL WAPAD

**KOSHUISE moet daarop let dat Wapaaie nie by die koshuise afgelewer word nie. Elke koshuis se ADB-verteenwoordiger moet sorg dat sy of haar koshuis se Wapaaie na 4 nm. op Vrydae by die S.R.-kantoor afgehaal word.**

**Die Wapaaie sal in hopies lê met elke koshuis se naam bo-op.**

**Dorpstudente kan Wapaaie in hul sitkamer of by die Uitsleep Puk Pik en Piet Fotokuns kry.**


**Daar sal onder geen omstandighede Wapaaie by koshuise afgelaai word nie.**

BULT-APTEEK
ONS KEN U BENODIGDHEDE
AFLEWERING ORAL OP
DIE KAMPUS
Tomstraat 89B en C Tel. 5943 en 3377
STUDENTE APTEEK
—WP

# PRET VIR PUKKE MET PREMIÈRE

**DIE weerburo voorspel 'n koue karnaval vir die Pukke. Dit gaan glo so koud wees dat die Pukke eerder onder donsige komberse in die kamers sal wil bly as om saans aan die pret deel te neem.**

Vir die karnavalkomitee wat geen moeite ontsien het nie, was die nuus ontstellend. Hulle het egter besluit dat koue nie 'n demper op die Pukke se gees gaan plaas nie. Die lede van die komitee het hulle oorspronklikheid saamgespan en die idee van 'n pajamaprimière is gebore. Almal kan nou hulle donskomberse en winterkamerjasse aanhou en steeds die fees geniet.



Een van die dae is dit weer Karnavalpremière, 'n geleentheid so reg vir uitstap. (Foto: Cecilia Louw).

Die karnavaiprimière is SOMER en die drag is pajama-agtig, want dit is 'n pajamaprimière. Om enige verleentheid te voorkom het ASTER bietjie gaan snuffel oor wat ons moet aantrek, want 'n mens kan tog nie in jou regte slaapkamergesig en -kabaai daar opdaag nie! Dink net aan al die rooi gesigte en vele gevolge as jy vergeet het om vooraf seker te maak of jou klere deursigtig of ampertjies is.

Die manne sal hulle by sweetpakke en winterspajamas met kamerjasse of jasse hou. Sommiges sal ook slaapmusse gebruik om die koue af te weer.

Die meisies kan hulle in winterspajamas met kamerjasse en musse of sommer net gemaklike of informele klere tooi. Op die skoenfront staan pantoffels en sloffies heel bo aan die lys. Die Pukke is mos g'n droë klomp nie — janee, ons gaan luister en kleur aan die koue karnavalaande gee.

Tobie Cronjé sal ook met pajamas en al daar wees.

Op die foto links wys Deona Saayman hoe ons moet lyk. Die kamerjas is pragtig geblom en laat 'n mens geensins aan 'n bedjassie dink nie. Daaronder het sy 'n bloese en lang romp aan!

Gee die verbeelding vrye teueis en kom vorendag met rare oorspronklikhede.



Onthou, ek't jou vertel ek het niks om aan te trek nie!




Ek hoop jy kom jou belofte na om die boot na my te vernoem.



Die meisies op die Puk is vanjaar besonder modebewus en almal wat wil weet wat die nuutste modegiere is kan maar net 'n oog oor die PUK-asters laat gaan. Kniekouse, gestreeptes of effekleuriges is oral te sien. Die twee paar kouse hierbo is by die Vlooimark in Johannesburg gekoop teen R2,50 'n paar. Die Supermark op die Bult het egter ook 'n groot verskeidenheid waaruit jy jou keuse kan maak.

# *Ons voete vra hulp*

**„MOET ons nie ons onsierlike lede met oorvloediger sierlikheid beklee nie?"**

En skeep ons nie juis ons liewe voete die meeste af nie? Dit word gebruik om mee te loop, om in die nuutste skoenmodes te steek en daarna skoon van vergeet.

Mooi soepel voete is vir ons baie kosbaar, en glo dit as jy wil, die manne sien dit raak!

Hier is 'n paar moets en moenies vir aantrekliker, gesonder voete:

Gee ten minste dieselfde aandag aan jou voete as hande. Ruim tyd in vir daardie versorging net na 'n warm bad wanneer die toonnaels sag en buigsaam is en al die velletjies teer. Knip toonnaels reguit af en nie te kort nie. Druk velletjies liggies terug met handdoek en droog deeglik af tussen die tone. Troetel die vel bo en onderom en veral die hakskene, met jou geliefkoosde soort handeroom. Laastens word die voet gepoeier — wat 'n salige weelde!

Skoenekoop is baie belangrik. Doen dit deeglik en op jou tyd. Pas altwee skoene aan en loop entjies in die winkel daarmee rond om seker te maak dat dit gemaklik sit. Moet nooit jou voete in 'n te klein skoen prop nie — arme tone wat so skeef en oormekaar gedruk word! Dit is hier waar al die voetprobleme van later begin.

Ruil skoene elke dag om. Die hak van vandag se skoen moet hoër of laer wees as môre s'n.

Moeë seer voete kan afwisselend onder warm en koue water gehou word. Besprinkel daarna met reukwater of selfs brandspiritus en vryf saggies met uitkringende vingerbewegings om bloedsomloop te stimuleer.

Loop sommer baie kaalvoet.

Met net hierdie klein bietjie ekstra moeite en aandag sal jou voete jou ook beter behandel hierdie winter!

Kom en word bederf in die vriendelike en bekende omgewing van u eie apteek.

VELSORGVOORLIGTING

PERSOONLIKE GRIMERINGSTEGNIEK

'n Gratis geskenk saam met u inkopes

Dorothy Gray se Senior Konsultant sal teenwoordig wees by:

CACHET APTEEK

OP DIE BULT

TELEFOON 4201

15. & 16. MEI

—Wapad

UITSLEEP



VIR AL U ETES BINNE SLEEPAFSTAND

EN VIR GESELLIGE VERKEER SAAM MET JOU MEISIE EN VRIENDE

—WP.

# VIR ALLE MANS

**DAAR word gesoek na al die mans, kort of lank, aantreklik of lelik, wat per fiets of motor reis, om onmiddellik hul naam en van te versterk aan die eerstejaardames wat aan diens is in dameskoshuise. Dit geld natuurlik net as hulle slepe nie daar is nie.**

**Dit staan in verband met boodskappe wat asters ontvang wat lui: „'n Man het gebel — geen boodskap."**

**(Die asters wil tog so graag weet wie geskakel het — mnr. Anoniem.)**



Ons karnavaldoedies besig om planne vir die komende karnaval te smee. Op hulle wag 'n bedrywige program. Op die foto verskyn: Petro Behr, Linda Conradie, Petro Brits en Susan de Bruin. Karnaval begin amptelik op Donderdag 1 Mei en na verwagting gaan dit die grootste karnaval ooit wees. (Foto: Fotokuns).

# EKONOME OP PUK BAIE BEDRYWIG

Riaan van der Walt

**DIE Ekonomiese Vereniging gaan vanjaar weer baie bedrywig wees na die slapte wat verlede jaar ondervind is, het 'n woordvoerder van dié vereniging aan die Wapad gesê.**

Daar is reeds een uitstappie gereël en ander word nog gereël.

Die volgende aksies word binnekort aangebied:
28 April: Braaivleis.
28 April: Ledevergadering.
5 Mei: 'n Simposium.

By hierdie geleentheid sal die bekende ekonoom, dr. D. C. Cronje, 'n referaat oor goud lewer.

Die vereniging is nou 120 lede sterk. Die Ekonomiese Vereniging is ook by die A.I.E.S.E.C., die Internasionale Vereniging van Handel- en Ekonomiestudente geaffilieer.

Die volgende uitstappies word ook vir dié kwartaal gereël:

- 'n Besoek aan die effektebeurs.
- 'n Besoek aan die Arwa Kousfabriek in Parys.
- 'n Besoek aan Sasol, Natref en Yskor.
- 'n Moontlike besoek aan die Suid-Afrikaanse Bierbrouery.

Daar is ook met Tukkies geskakel en onderhandelings is nou aan die gang vir 'n handelsintervarsity met hul Ekonomiese Vereniging.

## PASTOOR WORD GE-„KLIP"

KARNAVAL '75 bied vanjaar ook 'n skynhof aan.

Op Maandagaand om 19h00 sal Nick Louw en Jan Henning vir Vet Willemina en Dowe Dora vir aanranding aankla met die opset om ernstig te beseer.

Dié twee vetsugtige dames sal ook vir crimen injura aangekla word deurdat hulle na bewering vir Pastoor Linnekoei in Checkers aangerand het. Na bewering het hulle hom met 'n strykyster en 'n handsak geslaan. Die inhoud van die handsak was 'n bottel Klipdrif.

Na bewering het hulle Pastoor Linnekoei daarna 'n seksmaniak genoem en hom glo beskuldig dat hy 'n lid van die vuil tollenaarsgespuis is.

Japie Robbertse en Jurgie Prinsloo sal die aangeklaagdes verdedig.

Almal is welkom om dié hofsitting by te woon.

## Pukke wen

DIE PUK skermklub het verlede naweek in Pretoria teen Tukkies te staan gekom. Die Pukke het baie goed geskerm en 'n reuse-oorwining behaal soos uit die uitslae blyk:

| Mans: | PUK | TUKS |
|---|---|---|
| Floret A | 2 | 7 |
| Floret B | 7 | 2 |
| Degen | 3 | 6 |
| Sabel | 6 | 3 |
| Vroue: | PUK | TUKS |
| Floret A | 5 | 4 |
| Floret B | 9 | 0 |

In totaal het die Pukke 32 punte gehad teenoor die 22 van die Tukkies.

## Wapad

DAAR sal nie volgende week 'n Wapad verskyn nie. Na die Karnaval word 'n spesiale Karnavalbeeld uitgebring. Die ADB-verteenwoordigers moet asseblief hierop let.

Pukke word weer eens gevra om bydraes te lewer. Hierdie bydraes kan strek van politieke artikels tot gewone berigte om 'n vereniging se beeld uit te bou.

## Sport-uitslae


**Rugby:**
Over de Voor I 7 — Klooster I 3
Over de Voor II 33 — Klooster II 7;
Over de Voor III 7 — Klooster III 8;
Hombré I 12 — Drakenstein 1 4;
Hombré II 8 — Drakenstein II 4;
Hombré III 31 — Drakenstein III 0;
Dorp I 4 — Caput 1 4;
Dorp II 16 — Caput II 10;
Dorp III 21 — Caput III 10.

**Skerm:**

| Mans: | PUK vs. | TUKS |
|---|---|---|
| Floret A | 2 | 7 |
| Floret B | 7 | 2 |
| Degen | 3 | 6 |
| Sabel | 6 | 3 |
| **Vroue:** | | |
| Floret A | 5 | 4 |
| Floret B | 9 | 0 |

**Hokkie.**
**Vroue:**
Puk I 7 — Goldfields I 1.


# KOOP-'N-LOOP PADKAFEE




* Ons lewer af by vlotbouery

* Woensdag 30 April en Donderdag 1 Mei oop tot 1 vm.

* Vrydag 2 Mei oop tot 2 vm.

**Bel: 7654 - Deurnagdiens**

**CARLETONVILLEPAD**

—Wapad

die WAPAD

# KARNAVAL

**VANJAAR se karnaval is in alle opsigte 'n belangrike en deurslaggewende karnaval. Ons moet vanjaar met 'n kritiese oog karnaval hou — dit prys wat geprys behoort te word, maar ook dit wat afgekraak moet word, af te kraak.**

**Die karnavalkomitee het vanjaar hul bes probeer om die beste vir ons aan te bied en as jy jou oog oor die program laat val, kan mens sien dat hulle dit goed reggekry het.**

**Nou lê die disse voor ons — ons moet dit net stormloop en verslind. Die Wapad glo dat die meeste van die disse soos suiker in die mond sal smelt, maar wie gaan dit ontken dat daar ook harde klonte gaan wees.**

**Dit is ons taak om hierdie klonte uit te ken, aan die karnavalkomitee te noem, sodat ons nie volgende jaar harder aan dieselfde klonte moet sluk nie. Die Wapad glo ook dat die karnavalkomitee sulke opbouende kritiek sal waardeer.**

**Nog 'n pluimpie vir die karnavalkomitee, is die idee dat vlotte gesamentlik op die kampus gebou moet word. Die doel hiervan is sekerlik om karnaval 'n kampusgees en nie 'n koshuisgees te gee nie.**

**Mens kan ook nie aan 'n beter kenmekaar dink nie.**

**Die Wapad glo dan ook dat die besondere gees wat met gesamentlike vlotbouery gaan ontstaan, die praktiese probleme wat sal opduik, gaan oorbrug. Dit sal moeilik gaan om 'n netjiese en afgeronde vlot op dié manier te bou. Materiaal moet heen en weer karwei word en baie is daaraan gewoond dat vlotbouery eintlik 'n lekker koshuisaksie is.**

**Baie verkies ook dat die verskyning van die vlotte die Saterdagoggend 'n verrassingseffek moet hê. Opruiming en saakbeskadiging kan dalk ook probleme word.**

**Dit is egter ons taak om hierdie probleme so gou as moontlik te oorbrug en 'n goeie fondament vir volgende jaar se karnaval te lê.**

**Geniet die karnaval — dit is tog immers waarvoor dit daar is.**

# Kliniek vir atlete

**DIE Departement Liggaamlike Opvoedkunde van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., in samewerking met die Wes-Transvaalse Atletiek Afrigtersvereniging bied op Vrydag 25 April 1975 'n afrigtingskliniek in middelafstande aan. Die bekende Springbok en marathonatleet, mnr. Jan Barnard van die Suid-Afrikaanse Sportstigting sal as kursusleier optree.**

Hierdie kliniek is die eerste in 'n reeks wat in vooruitsig gestel word. Die bedoeling met die klinieke is om stelselmatig 'n bydrae te lewer om afrigting in atletiek op 'n hoër vlak te bring. Die klem val op kwaliteit van aanbieding; daarom dat slegs enkele nommers op 'n keer aangebied word. Bekende afrigters word gevra om 'n voordrag te lewer; daarna word aan besoekers die geleentheid gegee om aan die bespreking deel te neem, vrae te stel, en self vrae te beantwoord.

FOOI

Die kliniek begin Vrydagmiddag om 3.00 nm. en word die aand vanaf 7.00 nm. en die volgende oggend voortgesit. Enkele bekende middelafstandhardlopers is genooi om dit by te woon. Alle belangstellendes word uitgenooi om dit by te woon. Die kursusfooi is 50c vir volwassenes, 30c vir studente en 20c vir kinders. Aan kliniekgangers sal geleentheid gebied word om 'n diploma in middelafstandafrigting te verwerf.

Organiseerders: Dr. G. J. L. Scholtz en mej. R. I. de Klerk, Department Liggaamlike Opvoedkunde, P.U. vir C.H.O., Potchefstroom 2520.

# PUKKE IN RHODESIË

**Constant Smit**

**DIE afgelope vakansie het 'n aantal Pukke ons buurstaat, Rhodesië, op insiggewende wyse ontdek.**

Die toergeselskap het uit vyf motors bestaan en streepstreep is die tog uit Potchefstroom aangepak. In Petown het almal weer by mekaar gekom, vanwaar die reis na Messina begin is.

Die gasvryheid van die mense op Messina het ons heeltemal oorweldig — ons het op die rugbyveld geslaap. En het die manne nie daardie aand gevou nie?

Die volgende dag is die grens oorgesteek en Gatooma na baie gesukkel bereik. Hier het Wikkie se ouers ons gevoed met heerlike voedsel en water. En toe Sinoya! Vra maar vir Constant enigiets oor Mosambiek, hy het nie verniet 'n vriend bygekry nie, Voster Mercedes, die Frelimo-vegter het hom alles vertel. Dié aand organiseer Nys en Gerhard vir ons slaapplek by Lucie, die skaaphond, ekskuus by oom Jim en tannie Dulcie.

Kariba! 'n woord so soet soos... ek weet nie. Vra die volgende persone; Nys, Tros, Koos, Wikkie, Gerhard, Constant, André, Eben, Noets, Gerrie, Gys, Jannie en Barno.

Natuurskoon kan op Kariba gewaardeer word tot die uiterste net jammer daar was nie tyd nie... Die brawe Pukke het in hul wysheid op 'n verbode plek gekampeer. In 'n tent in 'n wildreservaat! Dit het ons eers uitgevind toe die olifante ons gejaag het. Die staaltjie sal ek nie vertel nie, want niemand sal my tog glo nie. As iemand dit baie graag wil hoor vra vir Tros, hy was die aand by verre die bangste mens suid van die Sahara.

Oor die vaart op die Kariba sal daar nie uitgewy word nie. Vra vir Koos en Noets om verdere inligting. Noets het amper gesorg dat ons terroriskos, krokkedilkos en seekoeikos geword het en Koos het Noets weer amper versuip.

Die laaste hoofstuk het toe aangebreek. Die terugtog het begin. In Salisbury het die groot skeiding plaasgevind; die Mixer verdwyn, die Chev bly in Salisbury en die Dusban gaan na Bulawayo.

# | U LIG

*1 Thess. 5 : 8.*

*„Laat ons nugter wees..."*

*Het ons nie al geval in 'n slaapwandelaarsmilieu nie? Dit is belangrik dat ons wel nugter sal wees, om so die werklikheid in die oë te sien, 'n werklikheid van sonde en genade.*

*Ons lewe moet gekenmerk word deur 'n nugterheid wat onderskeidsvermoë op alle terreine van die lewe betref. 'n Nugterheid wat ons leer om in die teenswoordige wêreld godsalig te lewe, want die ware lewe is betrokke op die toekoms van Christus.*

# ONTSPANNING IN AFRIKA — WAT IS OP DIE SPEL?

**Carl Nöffke, hoofredakteur van Perskor-nuusdienste**

**ONS leef in die opwindende tyd van détente in Suider-Afrika. Aan die gesprek hieroor doen almal mee, selfs diegene wat met groot moeite die vreemde Franse woord kan ontsyfer en vertolk. Maar dit is nou maar eenmaal waar van ons mense in Suider-Afrika. Gebruik 'n benaming wat die verbeelding aangryp en almal spring op die bokwa.**

Ons gesprekke oor détente en veral ons verwagtinge daaroor, sal myns insiens makliker koers kry as almal besef wat op die spel staan.

Te dikwels word ons 'n rat voor die oë gedraai deur wat mense van buite af sê. As 'n mens ag slaan op die wilde dinge wat daar onlangs in Dar-es-Salaam by die spitsberaad van die O.A.E. gesê is, moet Suid-Afrika hom begin gereed maak vir 'n swart regering. Dit is trouens die eise wat daar gestel is: eers moet Rhodesië tuimel, dan Suidwes-Afrika en vervolgens Suid-Afrika.

Dit is nodig om weer 'n keer te verklaar dat dit nie Suid-Afrika se oogmerk is om sy ingewande aan die ontleedmes van Afrika te laat blootlê deur die inwilliging en trouens ook inisiatief om 'n ontspanningsbeleid te volg nie.

Suid-Afrika se standpunt is dikwels deur mnr. B. J. Vorster, ons premier, gestel. Suid-Afrika neem aan gesprekke in Afrika deel omdat hy vrede verlang, maar hy is nie bereid om sy verhoudingsbeleid in die proses op te offer nie.

Hy maak dinge makliker vir 'n vrugbare gesprek oor Rhodesië en Suidwes-Afrika mits 'n logiese, aanneemlike pad gevolg word. Wat Rhodesië betref skryf hy aan niemand voor nie, maar probeer hy onderhandelinge tussen die strydende party vergemaklik op die grondslag van die Rhodesiese grondwet wat vir 'n uiteindelike swart regering voorsiening maak.

Wat Suidwes-Afrika betref is hy nie bereid dat die OAE aan hom moet voorskryf hoe sake daar moet verloop nie. Die bevolkingsgroepe van Suidwes-Afrika sal self oor hul toekoms besluit en daar is geen sprake van die toekenning van 'n rol aan Swapo wat die bevolking van SWA self nie aan die organisasie wil gun nie.

Ons binnelandse beleid is ons eie saak. Wat hier in Suid-Afrika gebeur, word aan die bevolking van Suid-Afrika oorgelaat. Dit lê gevolglik implisiet in ons onderhandelinge opgesluit dat daar geen bemoeiinge met ons huishoudelike sake moet wees nie.

Daar is mense wat nou ook veranderinge en wysigings in ons rassepatroon bepleit. Veranderings en wysigings is nodig mits dit in verband met ons verhoudingsbeleid staan. Enige afwatering van ons beleid of 'n baanverskuiwing sal uiteindelik noodlottige gevolge hê.

As mense opstaan en sê ons moet hulle volg moet ons self die pad verken waarheen ons gelei wil word.

Daar was in Portugal 'n man met die naam van genl. Antonio de Spinola. Hy het 'n nuwe visie van Portugal en die verwantskap met die oorsese provinsies gekry. Hy het die saak bespreek en sy gedagtes op skrif gestel. 'n Staatsgreep het plaasgevind en die bejaarde generaal is aan die bewind gestel. Die liberale en die kommunistiese wêreld het gejuig.

Maar feitlik oornag is genl. Spinola se mag afgetakel. In die plek van sy visioen van 'n geleidelike magsoordrag aan die provinsies het die linkses wat hom tot 'n staatsgreep gemaneuvreer het, sake so bewimpel dat die mag sommer onmiddellik aan die voormalige terroristegroepe oorgedra is, hoewel hulle in daardie stadium nie noemenswaardige steun van die burgerlike bevolking geniet het nie. Die Kommunisme is meteens in daardie gebiede in 'n posisie gestel waaruit hulle nie in ons leeftyd gedwing sal word nie.

En genl. De Spinola?

Hy is vergete. Hy is lank nie meer aan bewind nie. Sy boek — Portugal en die Toekoms — word nie meer gelees nie. Sy land het nou 'n Marxistiese bewind.

Daarom as daar mense is wat hulle as leiers voordoen, maak tog net seker dat hulle nie poppe is wat, as hul idees begin seëvier, deur die magte agter hulle verwerp sal word nie.


Suid-Afrika kan nie 'n Spinola bekostig nie.


BARGAIN STORE

"SUIT CENTRE"

★ BLAXERS — All wool ...... ...... ...... R29,95

★ TRACK SHOES ...... ...... ...... ...... R 4,95



Shop No. 9

Indian Centre

—Wapad




Vir die koue winter wat voorlê het die Studenteraad goed voorsorg getref. Hierdie is een van die nuwe kledingstukke wat Pukke aanstons sal kan koop. Hierdie trui kan na informele sowel as deftige geleenthede aangetrek word. Die voorkoms van die trui is ook meer modern. (Foto: Fotokuns).

# Haal tog af

Daar het 'n dringende beroep van die Studenteraad gekom dat Pukke wat hul motors verkoop tog daarop moet let dat hulle die „Ons is Pukke"-plakkers van hul agterruit verwyder.

Dit kan maklik gebeur dat die verkoopte motor in 'n situasie kan beland waardeur die Puk se naam skade kan berokken word.

Die Studenteraad vra vriendelik dog dringend dat mense wat van voorneme is om hul motors te verkoop en wat hierdie plakkers op hul agterruit het, dit tog voor die transaksie verwyder.

# VOOR MET ALLES

SOETDORINGS is net agter die bult (Bult!) — nie agter die klip nie, inteendeel, voor met alles!

Die naweek voor die Universiteit gesluit het vir die kort langnawekie het ons ons gate uit geniet. Die Vrydagaand se fliek saam met Makouviei was feeste, maar nog net die aanloop tot die skaats van Saterdag saam met Over de Voor. Ek moet vertel van Lidie wat haar histeries geval het op die skaatsbaan, om nie te praat van Berendien nie — nogtans het die bloukolle „sweet memories" gehad.

'n Groot aankondiging is die moontlike verlowing van Sue — baie geluk ons het mos voorspel dit gaan vinnig wees en 'n skok.

Ek is seker Moses en „Aäron" het die skaatsuitstappie vreeslik geniet.

Het julle al ooit 'n kamer tjok en blok vol gesien? Vra vir Taba Jäh hoe lyk ons sitkamer met 'n inter tee.

Tertia is al klaar tuis in Soetdorings. Geluk ook aan haar met haar keuring vir Alabama.

Ons waarsku al die manne wat mak geword het vir Soetdorings — ons sal geen man hierdie karnaval droog hiervandaan laat weggaan nie.

BESTE VIR U NOU BESKIKBAAR
BY
DIE BLOU WINKEL

FANTASTIESE NUWE REEKS VIR
MANS EN DAMES

★ Breidrag
★ Jasse
★ Winterbaadjies
★ Pakke
★ Denims



TEEN
SPESIALE
PRYSE

KOM KUIER GERUS
VIR ONS

—Wapad

# LELIKE VOORVAL BY KOSHUISRUGBY — KYKERS OP VELD

Jurg Prinsloo

**TYDENS Saterdag 19 April 1975 se wedstryd tussen die eerstespanne van Hombré en Drakenstein is ongekende tonele op die Fanie du Toit-velde aanskou toe die afrigter van Drakenstein, mnr. Christo Holtzhausen en 'n groot gedeelte van die Drakenstein-ondersteuners na 'n beslissing van die skeidsregter, mnr. Briel, die spel ontwrig het deur op die speelgronde te gaan.**

Die onmin het ontstaan toe die grensregter van Hombré sy vlag opgesteek het terwyl sy span binne die kwartgebied van Drakenstein vorentoe gedryf het met die bal. Die skeidsregter het onmiddellik beduie dat hy die beslissing van die grensregter verwerp, en daarop het die grensregter sy vlag laat sak, die spel het voortgegaan en geëindig in 'n drie onder die pale vir Hombré. Tot in die stadium het Drakenstein voorgeloop met 4—0.

Toe die skeidsregter die drie en die vervyfskop van Hombré toeken en daarna na die grensregter gaan vir raadpleging oor laasgenoemde se beslissing, het eers mnr. Holtzhausen, en toe 'n groot groep Drakenstein-ondersteuners oor die speelveld beweeg in die rigting van die skeidsregter. Hulle is toe deur die skeidsregter beveel om die veld te verlaat. Spel is hierdeur vir enkele minute vertraag. Hierna het Drakenstein se span onder aanhitsing van die meerderheid van Drakenstein-ondersteuners met alle mag en geweld ingeklim. Die Hombré-span het egter die spel mooi opgesom en met werklik sprankelende rugby teruggedryf om uiteindelik met 12—4 te wen.

Na die einde van die wedstryd was mnr. Holtzhausen en die skeidsregter en grensregter in 'n baie warm gesprek betrokke. Mnr. Holtzhausen het gedreig dat dit nie die laaste sal wees wat van die beslissing gehoor sal word nie. 'n Speler met 'n Drakenstein trui aan het die skeidsregter tydens die gesprek aan die trui beetgekry. Toe hy gewaarsku is om te los, het hy die raad egter dadelik aanvaar.

Van die grensregter word verneem dat hy sy vlag opgesteek het toe 'n speler van Hombré die bal terug veld-in geklap het terwyl die speler nog binne die speelveld was. Die toeskouers het egter sy uitsig versper en hy het nie gesien dat die speler buite die veld beland, en het sy vlag opgesteek. Die skeidsregter, wat by die bal was, het nie die spel gestop nie, en die grensregter het toe sy vlag laat sak, en spel het voortgegaan.

Dit is interessant om te sien wat die reëls van rugby bepaal:

1. Reël 6 A (5) van die amptelike reëlboek van die S.A. Rugbyraad bepaal: „Die skeidsregter is die enigste beoordelaar van *feite* en van die reëls. Al sy beslissings is bindens vir die spelers . . ."
2. Reël 6 A (6) bepaal: „Die skeidsregter moet 'n *fluitjie* dra en dit blaas . . . onder andere *om die wedstryd te eniger tyd stop te sit . . .*" (b) wanneer die bal oor 'n grenslyn, doelgrenslyn of doodlyn gegaan het of dit geraak het. Dit is hieruit duidelik dat spel vir 'n lynstaan slegs deur die blaas van 'n skeidsregter se fluitjie gestop kan word.
3. Reël 6 B (2) bepaal: „'n Grensregter is *onder beheer* van die skeidsregter wat opdragte insake sy pligte aan hom mag gee en enige beslissing van hom mag *verwerp*".

In Saterdag se wedstryd het die skeidsregter klaarblyklik van hierdie diskresie gebruik gemaak.

Laastens, maar tog nie sonder 'n gevoel van die dringendheid van die aangeleentheid moet gewys word op reël 6 A (7) wat bepaal: „Gedurende 'n wedstryd mag geen persoon behalwe die spelers, die skeidsregter en die grensregter binne die veldomheining of speelveld wees nie tensy die skeidsregter verlof daartoe gee, wat dan slegs ook met 'n besondere doel en tydelik gedoen word". Hiermee word die hoop uitgespreek dat bogenoemde uiteensetting mag bydra tot die meer oorwoë optrede van toeskouers by ons rugbywedstryde.

Ons man op die kampus het 'n spesiale aanbod vir jou.

„Ek nooi u uit om in verband met die Studieleningsplan met my te kom gesels".
ANDRÉ JOUBERT



Barclays Nasionaal se spesiale studie-leningplan vir studente en gegradueerdes.

1. **Studielenings:** Tot R3 000: om jou te help om jou studies te voltooi.
2. **MBA-studielenings:** Tot R3 000: vir enige student wat vir 'n MBA-kursus aanvaar is.
3. **Studente:** Tot R300: tydelike finansiering vir onverwagte uitgawe.
4. **Gegradueerdes** R1 000: bystand aan gegradueerdes totdat hulle diens kan aanvaar.
5. **Persoonlike Lenings (Studente):** Tot R3 000: vir studente vir tandheelkunde en ander profesionele beroepe om toerusting te kan finansier.
6. **Persoonlike Lenings (Gegradueerdes):** Tot R6 000: om pasgekwalifiseerde prokureurs, advokate ens. met 'n eie praktyk te help.
7. **Spaar- en lopende rekeninge.**

DIE BULT TELEFOON 4241

—WP.



Anna Neethling Pohl, veteraan van die Suid-Afrikaanse verhoogkuns, tydens 'n toneel van Glasdeur wat onlangs hier opgevoer is. (Foto: Fotokuns).

# Affêre hier

**DIE Karnavalpremière beloof om hierdie jaar 'n reuse byeenkoms te wees. Tobie Cronjé en Herbie en Spence gaan meehelp om van hierdie byeenkoms iets groots te maak. Daar loop ook gerugte rond dat Anneline Kriel dalk ook die aand persoonlik daar sal wees.**

Die première gaan hierdie jaar plaasvind in die vorm van 'n pajamapremière. Almal wat kom moet dus in nagklere kom. Indien daar klagtes van koue is mag 'n japon gebruik word.

Iets wat ook baie interessant is is die feit dat die première in ons eie Cinepuk gaan plaasvind. Soos baie persone al opgemerk het is daar groot bedrywigheid by die Totiussaal aan die gang waar African Consolidated Films besig is om 'n geheel en al nuwe klankstelsel te installeer.

Die program vir die aand beloof om een groot fees te wees. Tobie Cronjé, ook geklee in sy nagkabaai, sal die Karnaval afsluit met 'n kort toesprakie.

Verder bied Cinepuk u: „Somer", 'n film wat geen bekendstelling nodig het nie. En met Anneline Kriel in die hoofrol, behoort die film groot te wees. Kameraman Koos Roets het hier, volgens verskeie berigte, sy beste fotografie ooit na vore gebring.

Die Pukmassa is deesdae so groot dat twee vertonings gereël word. Tobie, Herbie en Spence sal by albei geleenthede optree. En Koos Kaffer Kruger is die seremoniemeester.

• Kaartjies sal 50c kos en is by die deure beskikbaar, maar plekke kan ook by die S.R.-kantoor bespreek word.

# PROGRAM

CINEPUK se program vir die res van die kwartaal is:

3 Mei 6,00 nm. Karnavalfliek: Somer
9,00 nm. Besoekers: Tobie Cronjé, Herbie en Spence
5 Mei 7,30 nm. Brother Sun, Sister Moon
6 Mei 7,30 nm. The Great Waltz
16 Mei 7,00 nm. Bequest to the Nation
9,00 nm. Cabaret
17 Mei 7,00 nm. Cabaret
9,00 nm. Bequest to the Nation.
23 Mei 7,30 nm. England Made Me
30 Mei 7,30 nm. Beautiful People
6 Junie 7,30 nm. The Way We Were
13 Junie 7,30 nm. Magnum Force
20 Junie 7,30 nm. The Victors

Veranderinge sal op hierdie blad aangekondig word.


LIFE IS A CABARET

Technicolor® PG

Distributed by Allied Artists

THEATRE

16/17 MEI


# BOYS SKENK 20 WERKE

**DINSDAG 18 Maart was 'n rooiletterdag nie alleen vir Potch se kunsliefhebbers nie, maar ook vir die P.U. se Permanente Kunsversameling: by die opening van die George Boys uitstalling in die Frans du Toit-gebou is aangekondig dat hy nie minder as twintig van sy werke aan die Universiteit se Permanente Kunsversameling skenk.**




Dit sluit van mnr. Boys se nuwere olieverfskilderye, grafiese werke en werke in gemengde media in.

Volgens prof. Muller Ballot, hoof van die PU se Kunsdepartement, vorm die skenking 'n waardevolle toevoeging tot die bestaande Boys-werke in die Universiteit se versameling en gee 'n goeie voorbeeld van die mediagebruik van die veelsydige kunstenaar.

George Boys, wat onlangs van Europa teruggekeer het waar hy met groot welslae uitgestal het, het vir 'n week as gasdosent aan die PU in kunsgeskiedenis en beeldende kunste opgetree. Hy is hoog in sy skik met die opset en standaard van kunsonderrig — en hoe ook anders, met twee van sy oudstudente, mnre. Barend Grobbelaar en Flip Coetzee as dosente in beeldhou en skilderkuns in die departement!

Mnr. Boys was voorheen vise-rektor van die Johannesburgse Kunsskool, waar hy onder meer verantwoordelik was vir die instelling van die vak Visuele Persepsie.


KARNAVALKAARTJIE!!!

...GEE U DIE VOLGENDE VOORDELE:

... toegang tot musiekkarnaval — Allan Garity, Tommy Oliver, Denise Freeman ens.

... toegang tot die karnavalopvoering — Die Liegbek.

... toegang tot Kaap-na-Rio.

... opsie op kaartjie vir pajama-premiere — film, Herbie en Spence, Tobie Cronje as gasspreker.

... ete op kampus, Vrydagmiddag.

Al hierdie voordele net vir

R1,50

—Wa.



DABHEL HOUSE

Winkel Nr. 19

vir:

★ S Hey-broekpakke

★ Tej-winterklere

★ Denim palazza-broeke



—Wapad


# LIEGBEK

DIE Departement Spraakleer en Drama van die P.U. nooi u hartlik uit na die aanbieding van Die Liegbek. Die aanbieding vorm deel van die tiende bestaansjaar van die departement, en ook as deel van Karnaval '75.

Die Liegbek (Il Bugiardo) van Carlo Goldoni (1707 — 93) word op Saterdag 3 Mei om 19h00 voor die Ou Hoofgebou aangebied. Toegang is gratis.

Die werk is uit die Italiaans vertaal deur Luis Leal en die regie word deur Elize Scheepers waargeneem.

U aandag word weer daarop gevestig dat dit koud kan wees aangesien dit 'n opelug aanbieding is. Trek dus warm aan en bring kussings en komberse saam.


SIEN DIE LIEGBEK



U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

◆ HANDBOEKE
◆ SKRYFBEHOEFTES
◆ EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

PRO REGE-PERS BEPERK

„die Potchefstroomse boekhandel"

Tomstraat 86 — Tel. 5236 — Potchefstroom

—WP






INSLEEP Restaurant

GEKOOKTE MAALTYE AAN STUDENTE

TOMSTRAAT 100
TELEFOON 6039

—WP

# PUK FEESTE: MAAK OF JY MAL IS EN DOEN ALLES



DIS soos die fees voor die oorlog — soos die laaste loopdoppie vir die slagveld — dis karnaval.

'n Week om te vergryp aan alles wat daar aangebied word. 'n Week van feeste en malgaan voor die akademiese storm.

Vanjaar se karnaval het 'n vol program en dit beloof om die beste karnaval te wees wat ons nog ooit gehad het.

U kan hierdie program uitknip en teen u kamermuur vasplak. Volg dit net noukeurig na.

**BREINS AGTER FEESTE**

DIE DEPARTEMENT VAN VOLKSWELSYN wens alle studente wat met hulle meisies en motorfietse op die Trapkarbaan tydens die resies gedurende karnaval verskyn, toe 'n....



gelukkige en voorspoedige reis



# Karnaval-program

## Maandag 28 April 1975

| | |
|---|---|
| MIDDERNAG: | Marathons begin. |
| 7.00 nm.: | Skynhof — Aardkundegebousaal. |
| 10.00 nm.: | Studentevaria — almal kom in die Totiussaal bymekaar vanwaar die uitsending sal plaasvind. |

## Dinsdag 29 April 1975

| | |
|---|---|
| 4.00 nm.: | Kaap-na-Rio wedvaart op Potch.-dam. |
| 7.00 nm.: | 7-man rugby, Olënpark. |

## Woensdag 30 April 1975

| | |
|---|---|
| 7.00 nm.: | Orkes- en talentkompetisie in Totiussaal. |
| 9.00 nm.: | Skermmarathon. |

## Donderdag 1 Mei 1975

| | |
|---|---|
| 6.00 nm.: | Opening van Karnaval deur Madelein van Biljon. |
| 6.30 nm.: | Teregstelling van die Akademie. |
| 7.00 nm.: | Karnavalopvoering: Die Liegbek. |
| 9.00 nm.: | Vlotbou by koshuise. |

*Verversings sal by verskeie stalletjies beskikbaar wees.*

## Vrydag 2 Mei 1975

| | |
|---|---|
| 9.00 vm.: | Duikvertoning vanaf die biblioteek se dak deur Alfonse Clemente. |
| 9.00 vm.—11.00 vm.: | Pannekoekmarathon. |
| 11.00 vm.—12.00 nm.: | Stalletjies. |
| 9.00 vm.— 9.30 vm.: | Geghriesde paalklim. |
| | Stadige fietsry — die persoon wat die stadigste ry, wen. |
| 9.30 vm.—10.10 vm.: | Musiek deur Tank-groep uit Pretoria. |
| 10.10 vm.—10.40 vm.: | Hamburgers eet (dames). |
| | Rookkompetisie vir manskoshuise. |
| 10.40 vm.—11.20 vm.: | Musiek deur Gate. |
| 11.20 vm.—11.50 vm.: | Pannekoeklandloop (mans). |
| | Fietsry (dames). |
| 11.50 vm.—12.20 nm.: | Musiek deur Midas Touch-groep van Johannesburg. |
| 12.20 nm.—12.50 nm.: | Kompetisie om te sien wie die meeste klere kan aantrek (mans). |
| | Grimering (mans). |
| 12.50 nm.— 1.20 nm.: | Musiek deur 'n folkkunstenaar. |
| 1.20 nm.— 2.00 nm.: | Motorstoot (mans). |
| | Kussinggeveg (dames). |
| 2.00 nm.— 2.30 nm.: | Musiek en sang deur Denise Freedman. |
| 2.30 nm.— 3.15 nm.: | Melkdrink (dames). |
| | Kaaseet (mans). |
| | Beoordeling van draadkarre deur Rondalia. |
| | Draadkarwedren. |
| | Blommerangskikking. |
| 3.10 nm.— 3.40 nm.: | Tommy Oliver. |
| 3.40 nm.— 4.20 nm.: | Toringbou met bierblikkies (mans). |
| | Fiets uitmekaar en aanmekaarsit deur dames. |
| 4.20 nm.— 5.00 nm.: | Allan Garrity. |
| | Beoordeling van skoonkarkompetisie. |
| 5.00 nm.— 8.00 nm.: | Trapkarwedren. |
| | Musiek op die kampus. |
| 8.00 nm.: | Vlotbou op kampus. |
| 11.00 nm.: | Sentrale braaivleis op kampus. |

## Saterdag 3 Mei 1975

| | |
|---|---|
| 1.00 vm.: | Vertoning van Cartoons op kampus. |
| 6.00 vm.: | Beoordeling van vlotte en popkoppe op kampus. |
| 8.00 vm.: | Vlotoptog deur Potchefstroom. |
| 9.30 vm.: | Vlotoptog en studente vertrek na Klerksdorp. |
| 11.30 vm.: | Puk teen Klerksdorp op Olënpark. |
| 2.00 nm.: | Eerste vertoning van karnavalpremière in Totiussaal. |
| | Gasspreker — Tobie Cronje. |
| | Gaskunstenaars — Herbie en Spence. |
| | Seremoniemeester — Koos Kaffer Kruger. |
| | Film — Somer. |
| 9.00 nm.: | Tweede vertoning. |
| 7.00 nm.: | Heropvoering van die Liegbek op die Kampus. |

# SPORT

## SPORTGIDS

**RUGBY**

PU 1B vs Klerksdorp 1 Olënpark 4.00 nm.,
PU 2 vs Klerksdorp 2 Olënpark 2,55 nm.,
PU 3 vs Klerksdorp 3 PU velde 1,50 nm.,
PU 4 vs Klerksdorp 4 PU velde 1,50 nm.,
PU 1 vs Westelikes 1 Markotter A 4,00 nm.,
PU 2 vs Westelikes 2 Markotter A 2,55 nm.,
PU 3 vs Westelikes 3 Markotter A 1,50 nm.,
PU 4 vs. Westelikes 4 Markotter B 1,50 nm.,
Jongspan vs Klerksdorp o.20 Olënpark 1,50 nm.,
PU o.20 vs Weermag o.20 A Weermag A 4,00 nm.,
PU o.19 vs Weermag B Weermag A 2,55 nm.,

**NETBAL**

Pukke vs Potch Dorp.

**HOKKIE**

**Mans**

PU 1 vs Strathvaal 1 Puk A veld 2,15 nm.,
PU 2 vs Strathvaal 2 Puk B veld 2,15 nm.


**Vroue**

PU 1 vs Strathvaal Potch Ovaal 2,15 nm.,
PU 2 vs Strathvaal Potch Ovaal 3,30 nm.

## Hokkie op wenpad

**DIE Puk eerste vrouehokkiespan het hierdie naweek hulle onoorwonne rekord behou deur die span van Goldfields te klop. Die telling was 7—1.**

Daar is aanvanklik gemeen dat die telling 8—1 in die Puk se guns was, maar daar is besluit om dit 7—1 te maak nadat die skeidsregter blykbaar nie 'n fout raakgesien het nie. Die Wedstryd was deurgaans baie opwindend, en ten spyte van die telling, het albei spanne goeie spel gelewer. Dit wil ook voorkom asof daar 'n groot verbetering is in die stok en aangeewerk van die Puk vrouespan, veral as dit met verlede jaar vergelyk word.



Dawie Malan trek hier sierlik oor die dwarslat in die paalspringnommer op die afgelope S.A. Inter-provinsiale Kampioenskappe. Hy het die nommer in 'n nuwe Afrika en Suid-Afrika rekordhoogte van 4,90 meter gewen.

# DAWIE SORG VIR OPWINDING

Annali Cabano

**PUK atlete het verlede week besonder goed op die Suid-Afrikaanse Interprovinsiale Kampioenskappe in Johannesburg gevaar. Agt goue medaljes, drie silwer en een brons medalje is deur die Pukke verower.**

Dawie Malan het vir die beste prestasie op die byeenkoms gesorg. In die paalspring het hy gewen met 'n hoogte van 4,90 meter. Dit is 'n nuwe Afrika sowel as Suid-Afrikaanse rekord. In die proses het hy die titel wat hy verlede jaar gewen het behou. Die Kovsie Henré van der Walt wat oor die algemeen beskou word as die beste paalspringer in Suid-Afrika moes met 'n tweede plek tevrede wees. Dalk kan die Puk Dawie se prestasie navolg en die Kovsies later van-jaar op hul baadjie gee in die jaarlikse intervarsity.

Andries Krogman het op skitterende wyse die 10 000 m gewen. Sy tyd 30,09,6. Dit is 'n merkwaardige prestasie as in ag geneem word dat sy provinsie hom nie fiks genoeg geag het om hulle te verteenwoordig nie, en hy individueel ingeskryf het ten einde sy titel te verdedig.

Ruanda Jacobs was seker die teleurgesteldste atleet op die byeenkoms deurdat sy vir die derde keer in haar loopbaan die 100m rekord van 11,4 sek. geëwenaar het; die wind was egter net 2,9m te sterk om dit as rekord erken te kry. In die 200m het sy net-net tweede plek ingeneem na die blitsige Marna de Villiers van Oos-Transvaal. Altwee het tye van 23,9 sek. aangeteken.

Piet Meyer het vir die soveelste keer weghol-oorwinnings in die stapnommer behaal. In die 5000m en 20 km stap kan die man net nie by die klein witkop bly nie. In die 20 km het hy die beste tyd nog deur 'n Suid-Afrikaner opgestel nl. 1,31,31. Hendrik Badenhorst het tweede geëindig met 'n tyd van 1,39,21.

Piet Goosen het 'n silwer medalje in die skryfwerp verower met sy afstand van 53,34 m, 'n puik prestasie as John van Reenen se afstand van 59,92 m in ag geneem word.

Marie van der Westhuizen het tweede in die gewigstoot vir vroue gekom met 'n afstand van 14,06 m.

Stephanie Kotze het die enigste bronsmedalje van die Pukke verower met sy sprong van 7,47m in die verspring.

Wes-Transvaal se vrouespan in die 4 x 400m aflos, het vir 'n nuwe Suid-Afrikaanse rekord gesorg met 'n tyd van 3,40,6. Ann Hayward was deel van hierdie aflosspan.

*Die Wapad word gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Beperk, Olënlaan 11, Potchefstroom.*

**GROOT AFSLAG**

Sakrekenaars nou beskikbaar teen spesiale studente-afslag.

Kontak:

Deon van Niekerk
Hombré
Gang 7, Kamer 83
Telefoon: 7996 of 2184

Alle aankope — kontant met bestelling.

—Wa.

## Nedbank bied aan

Die Nedbank-Universiteitsdiens is spesiaal vir studente ontwerp en bied die volgende:

- **Die Student se Kits-Kontantkaart** wat u deur middel van ons Kits-Kontantmasjiene in staat stel om enige tyd van die dag of nag R10 sonder koste te trek
  U Kits-Kontantkaart kan ook saam met u eie tjekboek en ander geriewe gebruik word.
- **Rente op u spaargeld** word teen die hoogs toelaatbare koers vir sodanige rekeninge aan u toegestaan. Boonop word die rente op 'n daaglikse grondslag bereken en u rekening maandeliks ooreenkomstig gekrediteer. Dit gee u meer geld as wat u onder die halfjaarlikse of jaarlikse stelsel sou ontvang wat steeds algemeen deur ander instansies gebruik word. U hoef ook geen grootboekgelde of verwante koste te betaal nie.
- **'n Omvattende reeks bankdienste** wat vaste en ander deposito's, bankwissels en oordragte, veilige bewaring, reisdokumente en reisigerstjeks insluit.
- **Vrylike toegang tot Nedsual,** een van die grootste finansiële instelling in sy soort in die land met uitgebreide internasionale verbintenisse. Handelsbank-, algemene bank-, aksepbank-, verhurings-, huurkoop-, versekeringsmakelary-, eiendomsbeleggings en onderlinge fondsbeleggingsdienste, die administrasie van trustfondse, die American Express-Kredietkaart: wat u behoeftes ookal mag wees, ons het 'n deskundige wat u kan raadpleeg.

L.W. Vergelyk die Nedbank-Universiteitsdiens met wat ander finansiële instellings in Suid-Afrika aan die student bied. U sal dit sonder weerga vind.

NEDBANK

Nedbank Beperk — Geregistreerde Handelsbank

Wat u planne ookal is, een manier om in die lewe vooruit te kom is om die regte mense te ken

### Die Nedbankers



**Ontmoet ons universiteitsman — Mnr. Christo Holtzhausen.**

Wanneer daar onmiddellike deskundige advies oor studente se geldsake, versekering, reis en dies meer verlang word, sal u vind dat julle mekaar verstaan.

Vir volledige inligting oor ons Universiteitsdiens en vir vinnige besluite, sien Christo Holtzhausen by Nedbank in Potchefstroom of skakel hom by 4394.

## Spesiale Studielenings

Studielenings is aan alle voltydse manlike studente beskikbaar wat hulle eerste studiejaar met welslae voltooi het.

- Tot R500 per jaar vir klasgelde, die aankoop van voorgeskrewe boeke en so meer, teen minder as helfte van die gewone rentekoers.
- Tot R2 000 per jaar vir MBA-studente teen soortgelyke gunstige koerse.
- Nagraadse lenings. Enige jong professionele of sakeman kan vir daardie eerste belangrike lening aansoek doen wat hom in staat sal stel om sy eie besigheid tot stand te bring. Lenings word teen 'n lae rentekoers toegestaan en geen terugbetalings word in die eerste tydperk voordat inkomste verkry word, vereis nie.
- Onoortreflike verhuringsooreenkomste vir medici en tandheelkundiges wat die jongste toerusting en bybehore wil aankoop ten einde hulle eie praktyk te begin.

## Gratis dienste

Die volgende dienste is gratis aan alle universiteitstudente in Suid-Afrika beskikbaar—ongeag of hulle Nedbank-kliënte is of nie.

- **Versekering, belegging en finansiering**
  Gratis advies met betrekking tot u versekerings-beleggings- en finansiële behoeftes kan by u naaste Nedbank-kantoor verkry word. Hierdie dienste word deur deskundige spanne in die Nedsual-Groep gerugsteun.
- **Reisbesprekings**
  Skakel ons net en ons sal u plaaslike of buitelandse reisbesprekings doen of toere reël. Spesiale tariewe vir studente. Vlieg nou, betaal later.
- **Ekonomiese publikasies en „Passport to Pleasure"**
  Gratis eksemplare van gereëlde publikasies is op aanvraag van enige Nedbank-kantoor verkrygbaar.